

Les 15 Regte liefde vir die Here en Hendsop liefde.

1.Regte liefde is om jouself vir die Here te gee.

Kom ons lees 'n vers saam wat vir ons wys wat regte liefde vir die Here is.

Romeine 12 vers 1 “Gee julle self aan God as lewend en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.”

Regte liefde is om jouself te gee.

Elkeen van julle het 'n naam. Hierdie naam wat jy het, is wie jy self is. Onthou julle nog hoe is ons beeld van God? God het jou gemaak om jouself te wees. God het jou nie gemaak om iemand of iets anders as jouself te wees nie.

Om jouself te gee, beteken soos wat die Here jou gemaak het om jouself te wees, so het jy die Here lief.

2. Regte liefde is om jouself as offer te gee.

Die woord offer beteken om vir die Here te werk. Die Here het jou gemaak en Hy het jou gemaak sodat jy vir die Here kan werk. Ons kan ook sê dat ons moeite doen vir die Here.

Alles wat ons doen is werk vir die Here.

Ons staan in die oggend op en maak ons self mooi skoon: ons was, borsel ons tande en kam ons hare. Hierdie werk maak dat ons kyk dat die liggaam wat die Here ons gegee het, skoon en gesond is. Om ons liggaam skoon en gesond te hou, is hoe ons vir die Here werk.

Hierdie moeite wat ons met ons liggame doen, is ons offer vir die Here.

Wanneer ons klaar skoon is, dan gaan eet ons. Om gesonde kos op die regte tyd te eet is ook ons moeite vir die Here. Ons ontvang die kos wat ons kry as gawes van die Here om krag te kry vir ons werk.

Om moeite te doen om reg en op die regte tyd te eet, is ons werk vir die Here. Ons sorg dat ons krag kry om Hom te dien.

Ons liefde vir pappa en mamma is ook ons werk vir die Here. Die Here het kinders gemaak om hulle ouers lief te hê en gehoorsaam te wees. Om te luister en te doen wat ons ouers vir ons sê, is moeite. Daarom is dit 'n offer wat ons vir die Here bring.

Net so is om skool toe te gaan ook ons werk vir die Here. Op hierdie manier leer en oefen ons al die talente wat God vir ons gee: om somme te maak, om te skryf, om te lees en om te weet hoe werk die aarde wat die Here gemaak het.

Op hierdie manier kan ons vir die Here werk doen en kan Hy ons gebruik. Hy kan ons as onderwysers, boere, rekenmeesters, skrywers, bouers, – vir enige beroep gebruik.

Al hierdie werk is moeite. Dit is 'n offer wat ons vir die Here bring: ons maak moeite om vir die Here te werk.

3. Ons werk met ons hande vir die Here – dit is ons lewende offer.

So het ons die Here lief: ons gee onself om vir Hom te werk. Die Bybel noem ons liefde vir die Here lewende liefde.

Kyk 'n bietjie na julle hande!

Alle werk wat ons vir die Here doen, gebruik ons ons hande voor. Ons was onself, borsel ons tande en kam ons hare met ons hande.

Ons gebruik ons hande om te eet.

Ons gebruik ons hande wanneer ons vir ons ouers wys ons het hulle lief: ons gee hulle 'n drukkies met ons hande en hou hulle met ons hande vas.

Wanneer jy jou hande gebruik om die Here te dien, dan noem die Bybel dit 'n lewende offer. Jy gebruik jou lewendige hande en doen iets met jou lewende hande.

4. Ons mag nie meer dooie offers vir die Here bring nie.

Voor Jesus vir ons sondes gesterf het, het mense vir die Here dooie offers gebring.

Hulle het 'n skaap, 'n bokkie, 'n kalf of 'n duif gevat en dit dan dood gemaak. Met hierdie offer het hulle gewys hulle gebruik nie meer die lewende dier nie. Hulle gee hierdie lewende dier op.

Met hierdie offer het God vir hulle gewys dat eintlik moes hulle alles op en aan die Here oorgee het. Hulle mag eintlik niks meer vir die Here doen nie. Want alles wat hulle doen is vir die Here verkeerd.

Ons mag nooit weer onself so aan die Here gee nie: opgee en oorgee!

Opgee en oorgee is 'n dooie offer. Dit maak dat jy niks meer vir die Here met jou lewende hande, jou lewende mond, jou lewende oë en ore, jou lewende mond doen nie. Jy maak jouself dood: jy gee op en gee oor.

Om op te gee en oor te gee is 'n dooie offer vir die Here.

5.Hendsop!

Wat is hendsop?

Dit is wanneer jy in 'n oorlog is en veg met die vyand en jy wen hom. Dan moet hulle hul wapens los en hulle hande in die lug opsteek.

Wanneer iemand hulle hande in die lug opsteek, dan gee hulle op en oor! Hulle wys dat hulle niks meer met hulle hande gaan doen nie.

Dit is wat hendsop beteken. Dit is die Engelse woorde: Hands up! Steek jou hande in die lug op en hou jou hande in die lug.

Jy moet opgee en oorgee.

Wanneer jy klaar opgegee het en oorgegee het, dan mag jy ook nie weer gaan werk nie. Dan sit hulle jou in 'n konsentrasie kamp waar jy nie jou werk mag gaan doen nie.

Hendsop wys jy word 'n dooie offer. Jy gee op en gee oor en mag nie meer jouself as 'n lewende offer gee om die werk te doen wat jy kan doen nie.

6.Regte liefde en hendsop liefde vir die Here.

Daar is twee soorte liefde vir die Here:

1.Regte lewende liefde en 2. Hendsop liefde wat somer speel-speel liefde is.

Het julle al op Televisie of in ander kerke gesien hoe mense Hendsop vir God?

Dit werk só!

Hulle steek hulle hande in die lug. Net soos mense wat vir die vyande hande in die lug opsteek om op te gee en oor te gee. Hulle trek hulle koppe so agteroor en knyp hulle oë so styf toe.

Wat doen hulle?

Hulle sê altyd hulle doen dit vir God. Hulle steek vir God hul hande in die lug op.

Hoekom steek hulle hul hande vir God in die lug op?

Hulle sê self hulle gee hul self op en hulle gee hul self oor aan God. Hulle gaan sommer verder en sê dat hulle ophou om hulself vir God te wees en ophou om vir God iets te doen. Hulle wil niks wees en niks word vir God.

Hulle glo dat wanneer hulle niks is vir God, dan kom God en neem die beheer van hulle lewe oor. Net soos mense se selfbeheer in konsentrasie kampe weggeneem word.

Wat noem die Bybel hierdie hande opsteek vir God?

Die Bybel noem dit: dooie offers! Jy gee nie meer jouself as lewende offer om vir God te werk soos Hy jou gemaak het en waarmee Hy jou gemaak het nie. Jy gee op en gee oor. Opgee en oorgee is dooie offers vir God!

7. Net regte liefde vir God is reg!

Kan al twee hierdie soorte liefde vir die Here reg wees? Liefde wat lewende offers is en liefde wat sommer net 'n dooie offer is waar jy niks meer van jouself vir God is nie?

Nee! Net Lewende liefde is regte liefde!

Wat moet jy met jou hande vir die Here doen? Werk of opsteek?

Ons steek nooit en nêrens ons hande vir God in die lug nie: ons gee nooit op en oor nie. Nie onself nie en ook nie ons werk nie. Ons is God se beeld: ons moet onself wees en onself gee soos die Here ons gemaak het.

Ons werk vir die Here met ons hele liggaam: van ons hande tot ons brein – dit is ons lewende offers.

Handeopsteek is net vir hensoppers!